SABT-nuus (Augustus)

Bron: SABT
Datum: 5 Augustus 2011

Boerboelskoue begin in September

Die 2011 Boerboelskoue is op hande. Soos in die verlede, gaan streek-skoue die Nasionale Skou vooruit. Volgens die Voorsitter van die Skoukomitee, Jakkie Erasmus, is die skoue basies dieselfde as verlede jaar. 'Beoordelaars sal egter versoek word om meer aandag aan *showmanship* te skenk - 'n wenner moet die hond en hanteerder wees wat die beste indruk maak en dit is nie noodwendig die hond met die beste keuringsyfer nie', aldus Jakkie.

Daar is twee nuwe klasse hierdie jaar. Dit is 'n *Familieklas,* waaraan 'n reun of teef met twee van hulle nageslag as 'n groep mag deelneem. Die nageslag kan van enige ouderdom, geslag, werpsel of dekking wees. Die ouer sal nie meer as 25% van die punte kry nie. Die tweede nuwe klas is *Hond van die Jaar.* Enige Boerboel van enige geslag en ouer as ses maande (nie noodwendig kampioene nie) mag aan hierdie klas deelneem. Daar is net een toekenning. Die beoordelaars kies die wenner, maar hulle sal toeskouerreaksie in aanmerking neem.

Die Nasionale Skou is voorlopig vir 12 November in Pretoria geskeduleer. Indien daar genoeg belangstelling is, sal 'n 'dekkingsveiling' van eienaar-genomineerde reuns die aand voor die Skou gehou word.

Die SABT-webtuiste sal deurlopend inligting op die spesiale Skoubladsy publiseer. Die webadress is. http://www.sabt.co.za/show.php. Die volgende dokumente is tans beskikbaar:

- Kategorieë en klasse vir streekskoue.
- Streekskoureëls.

2011 SABT Skoukomitee en -datums			
Naam en Portefeulje	**Datum**	**Selnr**	**E-pos**
Jakkie Erasmus Voorsitter: Skoukomitee		082 574 5653	jakkie@ecba.co.za
Thys von Solms Wes-Kaapskou	**10 September** Durbanville	083 447 8844	thys@floorpro.co.za
Jakkie Erasmus Oos-Kaapskou	**17 September** Port Elizabeth	082 574 5653	jakkie@ecba.co.za
Alan Pittam KwaZulu-Natal-skou	**17 September** Pinetown	083 461 5057	pittama@durban.gov.za
Clint Gouws Vrystaatskou	**24 September** Heilbron *(voorl)*	078 523 5400	clintstella@gmail.com
Frans du Toit Noordwes-skou	**24 September** Potchefstroom	083 938 1850	fransdutoit@sabt.co.za
Johan van Wyk Nasionale Skou	**12 November** Pretoria	082 890 8887	graslandboerboel@mweb.co.za
Koos van der Westhuizen Nasionale Skou: Borge en Bemarking		082 495 6735	mpos@hantam.co.za
Marileen van Wyk Nasionale Skou: Admin en Kommunikasie		083 271 9589	marileenvw@mweb.co.za
Aldu le Grange Voorsitter: SABT Raad*(ex officio)*		083 462 0817	aldulg@bks.co.za

Geboortekennisgewings vaartbelyn

In opvolging van terugvoer deur lede dat die aanlynfasiliteit vir geboortekennisgewings te tydrowend en omslagtig was, het ons IT-konsultante die vorm hersien. Daar is nou ook gebruiksinstruksies op die landingsblad.

Ons vertrou dat die proses nou meer vaartbelyn is en dat lede wat verkies het om na die 'papiersisteem' terug te keer, dit eers weer aanlyn sal probeer.

Laat weet wat jy van die diens dink. As daar nie terugvoer is nie, aanvaar ons dat almal tevrede is. Kontak asseblief die SABT-kantoor by office@sabt.co.za. Probleme wat hulle nie kan oplos nie, sal na die webontwikkelaars verwys word.

Registrasievereisteshersien

Die SABT se vereistes vir die registrasie van Boerboele is by 'n Raadsvergadering op 21 Mei 2011 hersien. Die Raad het besluit om alle Boerboele wat vir keuring en registrasie aangebied word te aanvaar indien die hond 'n **geldige*** geboortesertifikaart het (nl. 'n geboortesertifikaat wat vir die SABT aanvaarbaar is) en 'n minimumkeurpunt van 75% kry.

Honde wat oorspronklik by ander organisasies geregistreer is. se SABT-registrasiesertifikate sal nie die keurpunte van sodanige organisasies weergee nie. Hulle stambome - indien beskikbaar en aanvaarbaar vir die SABT - mag op die registrasiesertifikate aangedui word.

Verwys na die SABT-webtuiste vir die hersiene kriteria – soos uiteengesit in Bylaag E.

***Pro* Stertafsitveldtog bekendgestel**

Die *Pro Stertafsitveldtog* vir fondse ter ondersteuning van telers wat vervolg mag word omdat hulle honde se sterte afsit, is in Julie bekendgestel. Dié projek word deur Koos van der Westhuizen (Raadslid: Noord-Kaap) namens die SABT-Raad bestuur. Hy doen 'n beroep op telers om tot die fonds by te dra. Rig navrae en versoeke vir bystand aan hom by mpos@hantam.co.za.

Die fondsbestuur en -reëls sluit in:

- Donasies in die Spesiale bankrekening vir die *Pro Stertafsitveldtog* sal slegs vir hierdie projek gebruik word.
- Die aanbevole toetredende bydrae is R1 000 per deelnemende teler. Nietelers sal ook baat en ondersteunende bydraes is welkom.
- Slegs geregistreerde telers van honderasse waarvan die sterte tradisioneel afgesit word, sal (gratis) regsadvies en finansiële bystand kry in geval van vervolging.
- Aansoeke vir ondersteuning sal op meriete en volgens beskikbare fondse oorweeg word. Slegs telers van bewese etiese praktyke sal ondersteun word.
- Alle bydraes sal op die SABT-webtuiste erken word.

Help ons asseblief om die veltdog te bemark deur dit ook onder die aandag te bring van telers van ander honderasse waarvan die sterte tradisioneel afgesit word.

Besoek die webtuiste vir nadere besonderhede oor die oogmerke van die verdtog en donasievorms vir aanlynvoltooïng.

- SABT stig fonds om afsit van sterte te beveg
- Donasievorm
- Donasie-erkennings

Nuus uit die streke

Geluk aan die Noord-Kaap met hul onlangse eerste keuring in Kuruman. Lawaai, 'n teef van Augustyn Boerboele, het die hoogste punt (90%) behaal. Deelnemers het groot waardering teenoor Lukas van Vuuren uitgespreek, wat op eie koste meer as 650 km gereis het om die keurings te gaan doen. Planne vir die afsienbare toekoms sluit in: deelname aan die Kuruman-skou en die stigting van 'n klub vir Boerboelentoesiaste in die streek.

Die Oos-Kaap het weer eens die Boerboelnaam hoog gehou tydens die Kirkwood Wildsfees. Die lede van die Boerboelklub se langstaande gemeenskapsdiens aan Huis Minette -'n inrigting vir gestremdes in Uitenhage - is prysenswaardig. Op 27 Augustus hou hulle 'n ope skou by die SAPD se pretdraf ten bate van die Weduwee– en Wesefonds.

Keuringsdagboek

Die keuringsdatums verander van tyd tot tyd. Kyk dus gereeld op die webtuiste na die program van opkomende byeenkomste.

Die datums en kontakpersone vir keurings gedurende die res van Augustus en in September is:

- 27 Aug: Ope skou aangebied deur die Oos-Kaap Boerboelklub. Jakkie Erasmus: 082 574 5653.
- 27 Aug: Phalaborwa. Marius Kotzé: 084 620 3008.
- 2 Sept: Bultfontein. Clint Gouws: 078 523 5400.
- 10 Sept: Centurion. Johan van Wyk: 082 890 8887.
- 17 Sept: Worcester. Thys von Solms: 083 447 8844.
- 17 Sept: Port Elizabeth. Jakkie Erasmus: 082 574 5653.